

GOEIE PRAKTYK EN GEWOONTES VIR SUKSES MET RABAT-EISE

Vir suksesvolle bestuur van die dieselbeheerstelsel, en die verhaling van die diesel-rabat, is die volgende van die uiterste belang:

1. VOORRAADVLAKE-LESING EN DRUKSTUKKE


Alvorens enige verslae, soos byvoorbeeld voorraad-drukstukke of rabatverslae beskikbaar sal wees, vereis die stelsel dat 'n voorraadvlak-lesing ("dip-stick"-lesing) ingelees word. Hierdie lesing moet in die ses maande VOOR die BEGINdatum van die verslag val.

NB: Dit is in elk geval belangrik om voor en na enige aankope 'n voorraadvlak-lesing te neem ten einde die lesing te kontroleer en te verseker u het wel die gefaktureerde hoeveelheid diesel ontvang. Sodoende beskerm u uself ook teen bedrog met die aflewering.

Om 'n voorraadvlak-lesing in te voer klik eers op VOEG BY in die middel onder:

'n Skerm verskyn waar aankope / voorraadaanpassings ingelees kan word. Die skerm vir die twee verskillende transaksietipes verskil. Sien hieronder:

Voorraadaanpassing ("dipstick" lesing):




The screenshot shows a software window titled "Rekord word bygevoeg" with a close button (X) in the top right corner. The window contains the following fields and controls:

- Datum:** A text box containing "17/08/2014".
- Tyd:** A text box containing "12:19".
- Transaksietipe:** Two radio buttons: "Aankope" (unselected) and "Voorraadaanpassing" (selected).
- Voorraadvlak na transaksie:** An empty text box.
- Dieselpunt:** A dropdown menu with "DIESELKAR" selected.
- Opmerkings:** A large empty text area.
- Buttons:** A green checkmark icon next to "OK", a red X icon next to "Kanselleer", and the text "Laaste bywerking:".

Voltooi die velde soos benodig, en klik op: OK.

Vorraad-aankope:



Rekord word bygevoeg

Datum: 17/08/2014

Tyd: 12:19

Transaksietipe: Aankope Voorraadaanpassing

Hoeveelheid (liters):

Bedrag:

Dieselpunt: DIESELKAR

Opmerkings:


OK Kanselleer Laaste bywerking:

Voltooi die velde soos benodig, en klik op: OK.

NB: Dit is verkieslik om na alle aankope 'n voorraadvlak-lesing te neem ten einde die lesing te kontroleer.

Om 'n voorraad-drukstuk te maak, klik op die opsie: VOORRAAD-DRUKSTUK links onder in die hoekie.

Die volgende skerm verskyn:



Kies asseblief 'n dieselpuntnaam

0

Ok Kanselleer

Kies die dieselpuntnaam.

'n Skerm maak oop waar die datums ingevoer word waarvoor die verslag benodig word:

Voorsien asseblief die datums (beide ingeslote)

Vanaf datum: **07/03/2014** Tot datum: **10/03/2014**

Ok

Kanselleer

Indien 'n voorraadvlak-lesing nie vir die vorige ses maande bestaan nie, sal die volgende waarskuwing verskyn:

Verlag kan nie gedruk word nie

 Die stelsel vereis 'n voorraadvlak-aanpassingsrekord ("dip stick"-lesing) iewers in die vorige ses maande.

OK

Voer die voorraadvlak-lesing in en vra die verslag weer aan.


Die gereelde neem van voorraadvlakke is 'n absoluut noodsaaklike deel van gesonde voorraadbeheer. As u die stelsel blindelings vertrou kan u verwag dat daar iewers iets verkeerd sal loop waarvan die stelsel onbewus sal wees, en dan word u met 'n leë tenk gekonfronteer terwyl die stelsel nog steeds voorraad wys. Dink byvoorbeeld aan die geval waar die man wat diesel aflewer, u bedrieg deur minder in te gooi as wat u bestel het. Daar is GEEN MANIER om dit agter te kom sonder 'n "dipstick" lesing nie!

2. DIESELKARRETJIES

Dit is moontlik om diesel-voorraad wat in 'n dieselkar getap is, te verdeel na verskillende voertuie deur die skep van handtransaksies. Dit is te alle tye belangrik om die "Dieselkarretjie-toewysing" op datum te hou. Waar die diesel-verbruik vanuit die dieselkar nie bygehou word nie, sal dit nie op die dieselrabat-verslag in berekening gebring word nie. Onthou dat die dieselkar op sy eie NIE diesel gebruik nie, maar dit bloot tydelik berg en rondvervoer. Die stelsel sal dus NIE die dieselkar-transaksies in ag neem nie, maar alleenlik daardie transaksies wat vanuit die dieselkar na trekkers en ander voertuie gedoen word.

'n Dieselpunt vir "Dieselkar" moet vooraf geskep word onder **Dieselpunte** op die Hoofskerm.

Vir hantering van diesel-voorraad in die dieselkar, klik op die Hoofskerm op: Dieselkarretjies: Toewysing.



Die volgende skerm verskyn:

Kies die dieselpunt "**Dieselkar**", sowel as die periode waarvoor transaksies vertoon moet word.

Diesel wat in die dieselkar getap word, word in datumvolgorde deurgetrek om onder **Dieselkartransaksies** vertoon te word (kies die periode) Sien voorbeeld hieronder:

Dieselkartransaksies

Dieselpunt: **DIESEL KAR** Vanaf: **17/01/2014** tot: **16/07/2014**

Gebruik hierdie skerm om handtransaksies te genereer, ten einde diesel wat in dieselkarretjies gegooi was, toe te wys.

Dag	Datum	Tyd	Liters	Beskrywing	Opmerkings
Di	8/04/2014	14:47	845.00	VOORRAAD-OORDRAG	Handrekords: 909 liters
Do	17/04/2014	06:15	247.25	VOORRAAD-OORDRAG	
Di	22/04/2014	15:29	251.00	VOORRAAD-OORDRAG	
Vr	25/04/2014	08:38	69.25	VOORRAAD-OORDRAG	
Ma	30/06/2014	07:52	400.00	VOORRAAD-OORDRAG	

Groen = Ten volle toegewys
Rooi = Gedeeltelik toegewys
Swart op wit = Ontoegewys

Die gebruik van die diesel uit die dieselkar word verdeel of toegewys deur elke afsonderlike inskrywing te dubbel-klik, en dan handtransaksies te skep.

Voorbeeld: Dubbel-kliek op spesifieke transaksie. 'n Skerm maak oop soos volg:

Rekords vanaf: 22/04/2014 15:29 tot 25/04/2014 08:38

Datum	Tyd	Werker/bestuurder	Voertuig/toerusting	Liters	Odo/uur	Verbruik	Kosesentrum

251 liters oorspronklik in dieselkar
0 liters reeds toegewys
251 liters nog nie toegewys nie

Voer uit: 0.00 [Voeg by](#) [Wysig](#) [Skrap](#) [Eindig](#)

In die geval soos hierbo vertoon, moet handtransaksies ingelees word om die totaal van 251 liter diesel wat nog nie toegewys is nie, toe te wys. Om voort te gaan: Kliek onder op: Voeg by.

'n Skerm maak oop wat volledig voltooi moet word, soos die voorbeeld hieronder:

Rekord word bygevoeg (New) 740

Datum: 22/04/2014 - 25/04/2014

Tyd:

Werkernommer: **LYS** 2014 HLATSHWAYO S.E (ELIAS) Gem verbruik

Registrasienommer: **LYS** HBS 213 MP Tata 3.5ton

Kosesentrum: kliek om skoon te maak Van data-invoer

Dieselpunt: kliek om skoon te maak

Maatskappy:

Liters:

Odometer-/Uurmeterlesing: 0 Verbruik

Opmerkings:

[OK \(Skryf data\)](#) [Eindig sonder skryf](#) Laaste bywerking:

Die 90 liter (soos die voorbeeld hierbo) sal op die "vorige" skerm vertoon word.

Let op die gedeeltes onder aan die skerm in swart, groen en rooi. Die hoeveelheid liter wat in SWART vertoon word, is die hoeveelheid diesel wat aanvanklik uit die dieselkar getap is.

Die hoeveelheid liter in GROEN is die 90 liter reeds toegewys, en die 161 liter wat in ROOI vertoon word, is die hoeveelheid liter wat nog nie toegewys is nie. Sien voorbeeld hieronder:

Onderzoek die brandstofrekords

Rekords vanaf: 22/04/2014 15:29 tot 25/04/2014 08:38

Datum	Tyd	Werker/bestuurder	Voertuig/toerusting	Liters	Odo/uur	Verbruik	Kostesentrum
22/04/2014	15:34	2014 HLATSHWAYO S.E	HBS 213 MP Tata 3.5ton	90.00	15705		Algemene Groente

251 liters oorspronklik in dieselkar

90 liters reeds toegewys

161 liters nog nie toegewys nie

Voer uit 90.00 Yoeg by Wysig Skrap Eindig

Gaan voort met die stappe soos hierbo bespreek om die volle 251 liter volledig toe te wys deur die skep van handrekords.

Nadat die totale 251 liter toegewys is, sal die skerm soos volg vertoon:

Onderzoek die brandstofrekords

Rekords vanaf: 22/04/2014 15:29 tot 25/04/2014 08:38

Datum	Tyd	Werker/bestuurder	Voertuig/toerusting	Liters	Odo/uur	Verbruik	Kostesentrum
22/04/2014	15:44	2014 HLATSHWAYO S.E	HBS 213 MP Tata 3.5ton	61.00	0		Piesangs
22/04/2014	15:39	2014 HLATSHWAYO S.E	HBS 213 MP Tata 3.5ton	100.00	0		Tomaties
22/04/2014	15:34	2014 HLATSHWAYO S.E	HBS 213 MP Tata 3.5ton	90.00	15705		Algemene Groente

251 liters oorspronklik in dieselkar

251 liters reeds toegewys

0 liters nog nie toegewys nie

Voer uit 251.00 Yoeg by Wysig Skrap Eindig

Waar volledige toewysing van 'n inskrywing vir 'n spesifieke datum afgehandel is, sal die lyn in GROEN vertoon word. Sien voorbeeld hieronder:

Dieselkartransaksies

Dieselpunt: **DIESEL KAR** Vanaf: **17/01/2014** tot: **16/07/2014**

Gebruik hierdie skerm om handtransaksies te genereer, ten einde diesel wat in dieselkarretjies gegooi was, toe te wys.

Dag	Datum	Tyd	Liters	Beskrywing	Opmerkings
Di	8/04/2014	14:47	846.00	VOORRAAD-OORDRAG	
Do	17/04/2014	06:15	247.25	VOORRAAD-OORDRAG	Handrekords: 75 liters
Di	22/04/2014	15:29	251.00	VOORRAAD-OORDRAG	
Vr	25/04/2014	08:38	69.25	VOORRAAD-OORDRAG	
Ma	30/06/2014	07:52	400.00	VOORRAAD-OORDRAG	

Groen = Ten volle toegewys
Rooi = Gedeeltelik toegewys
Swart op wit = Ontoegewys

Onderzoek/bywerk van toewysings Eindig

Toewysings wat gedeeltelik gedoen is, sal in 'n ROOI lyn vertoon word.
 Toewysings wat net swart op wit vertoon word, is in geheel ontoegewys.

3. KOSTESENTRUMS

SARS vereis dat Kostesentrums behoorlik gespesifiseer word. "Algemeen" word nie as Kostesentrum aanvaar nie. Behoorlike onderskeid tussen die verskillende Afdelings is noodsaaklik.

As u die stelsel hoofsaaklik gebruik om u dieselrabat-eise te ondersteun, moet u verkieslik 'n verskeidenheid van groot aktiwiteite hier lys, byvoorbeeld: Grondvoorbereiding, Plant, Suiet, Stroop ensomeer. SARS is baie duidelik daarvoor dat algemene terme soos "Saaiboerdery", "Produksie" of "Algemeen" BESLIS NIE aan hulle vereistes voldoen nie. Hulle vereis dus DUIDELIKE en SPESIFIEKE beskrywings.

4. PLASE/LANDERYE/BLOKKE

SARS het onlangs ook 'n "waar diesel gebruik is" vraag op die rabat-verslae begin vereis. Die sagteware maak voorsiening vir die inlees van plase wat dan uit landerye of blokke bestaan, en om dan die betrokke blok op elke dieseltransaksie aan te bring.

Die nuwer dieselm Modelle het die vermoë om 'n bykomende drukknoppie (normaalweg orange gekleur) hiervoor te gebruik. As u wel 'n ouer model het en hulp hiermee

benodig, kan u ons skakel. Die sagteware maak voorsiening daarvoor om dieselfde waarde gelyktydig op 'n klomp rekords aan te bring.

Ons ervaring is dat SARS meesal tevrede is met die plaasnaam, maar hierdie is beslis geen waarborg nie, aangesien die finale besluit van die SARS kantoor en die individuele inspekteur se voorkeure afhang.

5. BAKKIES / DUBBELKAJUITE / LAW's

Ons ervaring is dat hierdie die enkele grootste rede is wat SARS aanvoer om 'n eis te bevraagteken of af te wys, selfs in gevalle waar u rekords andersins in 'n goeie toestand is. Let asseblief daarop dat wat hieronder volg nie as ondersteuning vir SARS geles moet word nie – ons gee u bloot die voordeel van ons ervaring met baie gebruikers en hulle ervarings van SARS se optrede.

Wat SARS tipies met bakkies doen, is dat enigiets wat nie DIREK met PRIMÊRE produksie te doen het nie, as nie-toepaslik beskou word. In die praktyk beteken dit dat die trekker wat die lande ploeg se diesel wel vir rabat kwalifiseer, maar die boer se bakkie waarmee hy toesig hou oor die ploegproses, NIE sal kwalifiseer nie, omdat dit as 'n bestuurstaak beskou word.

Om die saak te vererger, selfs in gevalle waar 'n geldige saak vir die bakkie se eis uitgemaak kan word, soos waar plaasprodukte dorp toe vervoer word of waar gifstowwe of saad terug plaas toe vervoer word, dring SARS dan op 'n GEDETAILLEERDE logboek aan, waar ELKE rit afsonderlik gelys word. Slegs die ritte wat dan as geldig beskou word, word dan in berekening gebring vir die rabat. As u na die rabatopgawe kyk wat hulle vereis, behoort dit duidelik te wees dat ons eintlik hier met 'n saak van bykans onmoontlikheid te doen het.

Ons aanbeveling is dus om te aanvaar dat bakkies nie vir die dieselrabat kwalifiseer nie. Weereens moet u verstaan dat ons nie hiermee vir SARS in die bres tree nie, maar dat ons bloot 'n pragmatiese argument voer volgens die realiteite wat ons daagliks ervaar.

6. SARS ONDERSOEKE

As u "gelukkig" genoeg is om deur SARS ondersoek te word, en u voel enigsins onseker, moet u ons asseblief kontak VOOR u enige detailverslae aan SARS voorsien. Ons het ervaring hiervan en bied u ons ondersteuning so ver as moontlik. Moet asseblief nie die advies in hierdie dokument ignoreer en dan verwag ons moet wondere verrig as SARS u eis afwys nie. As hierdie eers gebeur het, is ALLES moeiliker en gaan u kanse op sukses drasties afneem.